

## MEDISYNE UIT SUID-AFRIKA VIR DIE KEISER

A. J. van Wyk  
*Universiteit van Suid-Afrika*

Keiser Frederik III van Duitsland was 90 jaar gelede reeds dodelik siek aan keelkanker, toe word daar steeds in Suid-Afrika geprakseer hoe om sy lewe met 'n "wondermiddel" te red. Aan die poginge om die middel berei te kry, het die Natalse goewerneur en twee Boerepresidente ywerig meegedoen.

Die verhaal begin in 1887 in Durban rondom 'n plant waarvan die genesende eienskappe reeds lank aan die bruin-, swart- en witmense van die binneland bekend was. Die lang reeks name daarvoor in die verskillende dele van die land sluit in: bitterblaar, bitterbos, eendjiesbos, gansbos, kalkoenbos, kiepiebos. Die volksnaam is kankerbos, en in die tyd van hierdie verhaal is dit as 'n wonderbos beskou en ook so genoem.

Kankerbos kom verspreid in Suid-Afrika voor en groei graag in sandslote. Dit word tot 3,5 meter hoog en dra skarlakenrooi blomme wat eendvormige saadpeule word wat klap as jy daarop trap. Vandaar benaminge soos kankerklappertjie, klapperbos, klapperpeul en knetterpeultjie.<sup>1</sup>

Die plant is deur die Hottentotte en Bantoe gebruik vir die bereiding van medisyne teen kanker, nierkwale en maagaandoenings. Daar word gesê dat die middel goed is vir die behandeling van borskwale en dat dit die verspreiding van kanker vertraag. Meer as een soort kankerbos is bekend. Die een waaroor dit hier gaan, is *Sutherlandia frutescens*, wat al in 1683 in Europa gekweek is en sy naam verkry het van James Sutherland, 'n vroeë superintendent van die botaniese tuin in Edinburg, Skotland.<sup>2</sup>

In 1887 het mnr. J. Medley Wood, kurator van die Durbanse Botaniese Tuin, twee blomme en 'n blaar vir identifikasie van sy eweknie in Pietermaritzburg ontvang. Hy is meegedeel dat die Vrystaters 'n doeltreffende kankermiddel uit die plant berei het. Mnr. Wood het saad uit die Vrystaat gekry en die plant begin kweek. Ook het hy van die saad na Kew, Engeland, gestuur en spoedig verneem dat 'n middel wat daaruit berei is, aldaar in kankerhospitale getoets word.<sup>3</sup>

In hierdie stadium het die Suid-Afrikaanse kankerbos aan die naam van Frederik van Duitsland gekoppel geraak. Die 56-jarige Frederik was toe nog kroonprins, want sy vader, keiser Willem I, het geheers, al was hy reeds 90 jaar oud. Frederik het erg aan keelkanker gely en 'n gesiene Nataller van Duitse afkoms, P.H. Zietsman, het getrag om hom daarvan te genees.

Zietsman het teen die einde van 1839 saam met sy vader J.P. Zietsman in Natal aangekom en sou in die volgende halfeeu 'n invloedryke persoon in Natal word. Reeds op 19 Julie 1844 het *De Natalier* na hom verwys as "een der geleerdste en meest

1. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*.

2. F.J. Chittenden (ed.), *The Royal Horticultural Society. Dictionary of Gardening*, IV, Oxford, 1956, p. 2057; A. Batten & H. Bokelmann, *Wild Flowers of the Eastern Cape Province*, Cape Town, 1966, p. 85.

3. J. Medley Wood, *Durban Botanic Society. Report on Natal Botanic Gardens for the Year 1887*, Durban, 1888, p. 11.

invloedhebbende leden des Volksraads".<sup>4</sup> Op 15 Februarie 1888 het Zietsman 'n doos poeier beskikbaar gestel om die Duitse kroonprins Frederik van kanker te genees.

Hy het dit aan die destydse goewerneur van Natal, sir Arthur Elibank Havelock, gestuur met verduidelikende briewe gerig aan die Duitse ambassadeur in Londen en die Duitse kanselier, prins Otto Eduard Leopold von Bismarck. Havelock het die poeier en die briewe aan die Britse minister van kolonies, sir Henry Holland, versend. Die poeier was van die Suid-Afrikaanse "wonderbos" berei, het Havelock in sy begeleidende brief verklaar.<sup>5</sup>

Havelock se kennismaking met die kankerpoeier het hom onmiddellik vergesigte laat sien. Binne enkele dae het hy 'n lewendige korrespondensie aan die gang gehad met Medley Wood van die Durbanse Botaniese Tuin, dr. James Allan, superintendent van die Grey-hospitaal in Pietermaritzburg, pres. sir John Brand van die Republiek Oranje-Vrystaat en pres. Paul Kruger van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Al hierdie vooraanstaande persoonlikhede het hy om inligting betreffende die genesende krag van die kankerbos gevra, en by die presidente het hy ook om 'n voorraad van die kankerpoeier aangeklop.<sup>6</sup>

Die eerste reaksie het van Medley Wood gekom, maar dié kon niks tot sy vroeëre verslag byvoeg nie. 'n Paar dae later het dr. Allen geantwoord dat hy geen inligting kon verskaf nie aangesien die plant nie aan die mediese beroep bekend was nie. Hy was bewus daarvan dat die Afrikaners veel geloof in die geneeskrag van die kankerbos had, maar dit het hom weinig befndruk, "aangesien feitlik alle swellende sere deur die Afrikaners as 'kanker' bestempel word". Die volgende dag, 15 Februarie, het die staatsekretaris van die Vrystaat hom telegrafies verwittig dat die President op toer was, maar dat sir Arthur se navraag aan hom voorgelê sou word. Hyself het van geen bevestigde gevalle van genesing deur poeier van die kankerbos geweet nie.<sup>7</sup>

Ten spyte van die ontmoedigende inligting het sir Arthur op dieselfde dag Zietsman se poeier per begeleidende brief op sy lang pad na kroonprins Frederik vir die pos gereed gekry.

Spoedig het hy gunstiger nuus ontvang. Eers het pres. Kruger hom telegrafies laat weet dat hy geen persoonlike ervaring van die geneeskrag van die kankerbos had nie, maar dat sy vise-president en ene mnr. Wolmarans, L.W.R., van gevalle wis waar dit kanker honderd persent genees het. Die President het met graagte onderneem om 'n poeiervoorraad aan sir Arthur te pos.<sup>8</sup>

Kort daarna het staatsekretaris W.E. Bok van die ZAR hom in kennis gestel dat hy 'n voorraad van die kankerpoeier met die eerste geleentheid aan hom sou pos. Bok het die volgende voorskrif vir die bereiding en gebruik van die poeier verstrek: Die plant word in die skadu gedroog en tot 'n fyn poeier gemaal wat drie keer per dag oor die deur kanker aangetaste liggaamsdeel gestrooi word. Vir inwendige gebruik word 'n aftreksel berei wat met loutwarm water of konjak gedrink word — 'n halwe wynglas vol drie keer per dag minstens 'n halfuur voor elke maal. Pleks van 'n aftreksel kan die poeier gesuk word, soveel soos wat op 'n sikspens kan gaan.<sup>9</sup>

4. Meegedeel deur prof. B.J. Liebenberg.

5. Government House (hierna GH) 1225, Natalse Argiefbewaarplek (hierna weggelaat): Havelock Holland, nr. 40, 15 Feb. 1888, pp. 524—525.

6. GH 855: Minute Paper G58A, 20 Feb. 1888, en bylaes, pp. 127—141.

7. *Ibid.*

8. *Ibid.*

9. *Ibid.*

Twee dae later het pres. Brand van die Vrystaat getelegrafeer dat hy van geen bevestigde gevalle van genesing deur die gebruik van die kankerpoeier kon getuig nie, maar dat hy by 'n vrou uit Engeland verneem het dat die geneesheer van die Brampton-hospitaal gunstige kommentaar op die kankerbos se geneeskrag gelewer het.<sup>10</sup>

Intussen het dr. Allen, op sir Arthur se versoek, proefnemings met die kankerpoeier in die Greyhospitaal uitgevoer. Ten einde dr. Allen van die nodige poeier te kon voorsien, het sir Arthur gereeld by pres. Kruger aangeklop, en die gebruiksaanwysings het hy self Engeland toe gepos om die Britse regering op die hoogte te hou.<sup>11</sup> Toe keiser Willem I op 9 Maart 1888 sterf en op dieselfde dag deur sy seun kroonprins Frederik opgevolg word, was die proefnemings nog nie afgehandel nie en het sir Arthur steeds ywerig inligting versamel.

In een van sy briewe aan pres. Kruger het hy 'n vraelys ingesluit wat deur dr. Allen opgestel is — vrae oor die gebruik van die poeier en die uitwerking daarvan. Bok het uitvoerig op Hollands daarop geantwoord.:

“Wanneer de kanker een open wond is dan strooit men de poeder goed zichtbaar daarover, daarenboven moet twee maal per dag de wond met die poeder, vermengt met lauw water wasschen, ook drie maal per dag als thee getrokken drinken.

“Is het echter een gezwel en niet open, dan neemt men een deel van de poeder met 12 deelen bokkenniervet vermengd en gebruikt dit dan als pleister.

“Het drinken en het aanwenden van pleister is pijnstillend, maar het opstrooien ingeval van open kanker veroorzaakt eene dadelijke pijn, die spoedig weder bedaart.

“Het eerste teken van genesing is dat er een harde korst over de kanker komt, die als schilvers afvalt en het uitgevreten deel van die gesonden deelen scheidt.”<sup>12</sup>

Hierdie voorskrif is gedateer 9 April 1888, 'n maand nadat Frederik keiser geword het en in 'n stadium toe hy reeds ernstig siek was. Intussen was sir Arthur steeds optimisties oor die “wondermiddel” uit die Suidland. Op 30 Mei het dr. Allen egter in sy finale verslag verklaar dat hy die kankerpoeier deeglik op die proef gestel het. Sy proefkonyne was twee kankerpatiënte, 'n man wie se strottehoof aangetas was en 'n vrou met kanker aan die baarmoeder. Die kankerpoeier het hulle nie gehelp nie, want die man het beswyk en die vrou was reeds baie swak. Die poeier se geneeskrag was nul, het dr. Allen bevind, en as kankermiddel was dit nutteloos.<sup>13</sup>

Sir Arthur se geesdrif en optimisme is meteen platgeslaan, sy vergesigte het ver- vaag en sy korrespondensie betreffende die wondereienskappe van die wonderplant het terstond opgedroog.

Twee weke later, op 15 Junie 1888, het keiser Frederik III aan keelkanker beswyk. Of hy die kankerpoeier uit Suid-Afrika gebruik het, is nie bekend nie.

10. *Ibid.*

11. GH 1327: Havelock — Pres. ZAR, 2 Maart, 20 Maart, 20 April en 23 Mei 1888, pp. 310, 315—316, 323, 338; GH 1225: Havelock — Holland, nr. 58, 5 Maart 1888, p. 538.

12. GH 855: Minute Paper G122, 9 April 1888, en bylaes, pp. 142—146.

13. GH 1068: Minute Paper G162A, 30 Mei 1888, en bylae, pp. 138—154.